

Skriflesing: Levitikus 23:1-25; Openbaring 1:10-11; 8:6-13; 11:15-19

Teks: Levitikus 23:23-25

Sing- Ps. 98:3; Ps. 81:1,3; Ps. 47:1,3; Ps. 84:2

Levitikus 23:1-25

Lev 23:1 Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.

Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van die HERE in al julle woonplekke.

Lev 23:4 Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die HERE;

Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.

Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:8 Maar julle moet sewe dae lank aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:9 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy oprings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.

Lev 23:11 En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg.

Lev 23:12 Julle moet ook op die dag as julle die gerf beweeg, 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan die HERE berei,

Lev 23:13 en die spysoffer wat daarby behoort, twee tiendes van 'n efa fynmeel met olie gemeng as vuuroffer aan die HERE, 'n lieflike geur, en daarby die drankoffer van wyn, 'n kwart hin.

Lev 23:14 En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die offer van julle God bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring sewe volle weke moet dit wees;

Lev 23:16 tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring.

Lev 23:17 Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eersteling aan die HERE.

Lev 23:18 Julle moet ook by die brood sewe jaaroud lammers sonder gebrek en een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet 'n brandoffer aan die HERE wees saam met die spysoffer en die drankoffers wat daarby behoort as vuuroffer van lieflike geur aan die HERE.

Lev 23:19 En julle moet een bokram as sondoffer berei. Ook twee jaaroud lammers as dankoffer,

Lev 23:20 en die priester moet hulle saam met die eerstelingsbrood as beweegoffer voor die aangesig van die HERE beweeg saam met die twee lammers; dié moet aan die HERE heilig wees, ten voordele van die priester.

Lev 23:21 En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.

Lev 23:22 En as julle die opbrings van jul land oes, moet jy die kant van jou land as jy oes nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God.

Lev 23:23 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:24 Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenktag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.

Lev 23:25 Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring.

Openbaring 1:10-11

Rev 1:10 Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê:

Rev 1:11 Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.

Openbaring 8:6-13

Rev 8:6 En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.

Rev 8:7 En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.

Rev 8:8 En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,

Rev 8:9 en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.

Rev 8:10 En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.

Rev 8:11 En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.

Rev 8:12 En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.

Rev 8:13 En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!

Openbaring 11:15-19

Rev 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Rev 11:16 En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê:

Rev 11:17 Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U groot mag aangeneem en as koning geheers het.

Rev 11:18 En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.

Rev 11:19 En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.

Skriflesing: Levitikus 23:1-25; Openbaring 1:10-11; 8:6-13; 11:15-19

Teks: Levitikus 23:23-25

Sing- Ps. 98:3; Ps. 81:1,3; Ps. 47:1,3; Ps. 84:2

U sal onthou, broeder en suster, in Levitikus 23 lees ons van 7 feeste. Verlede kwartaal het ons hiermee begin. God se verlossingsprogram het ons reeds by die eerste 4 feeste uitgebring. Paasfees was verse 4-5. Dit hang saam met die dood van Christus. Die fees van die ongesuurde brode (vv. 6-8), hang saam met die begrafnis van Christus. Die fees van die eerstelingvrugte (vv.9-14), het gewys op die opstanding van Christus. Christus dié eerste wat opgestaan het om nie weer te sterwe nie. Die volle vrug van sy opstanding gee alle rede om dan by die vierde fees te kom, ná 7x7; ná 49 dae is dit Pinkster, wat ook genoem word die fees van die weke, of ook genoem die oesfees. 40 dae na die opstanding van Christus het Hy na die hemel opgevaar. Op die 50ste dag na sy opstanding is dit Pinkster. Die uitstorting van die Heilige Gees.

Die kerk van die Nuwe Testament is gebore. Alles dui daarop daar is vir die kerk 'n oes om in te samel. Die oes is groot, die arbeiders is min. Ons as kerk lewe, ons bestaan sentreer rondom hierdie 50ste dag. In 'n sekere sin is dit die dag wat nou nog vir ons aan die gang is, ons moet almal 50ste dag kerke wees, ons wat uit die Gees ons bestaan regverdig, is, kan en mag niks anders as Pinksterkerke wees nie. Vir God is een dag soos duisend jaar, duisend jaar soos een dag. Vir ons as kerk kan ons dae net in God gelees word, in God verstaan word, daarom gaan dit nie maar om dae van 24 ure nie.

U sal onthou hierdie eerste 4 feeste is feeste wat saamstaan. Dit alles dui op Christus in sy eerste koms. Dit wat Hy klaar vir ons kom doen het, dit staan hier afgeteken. Hy het gesterf, Hy is begrawe, Hy het opgestaan, Hy lewe en gee lewe. Deur sy Heilige Gees wek Hy lewe, Hy troos ons, Hy versterk ons. Wanneer ons hierdie vier feeste sáám plaas, dan gebeur daar in Lev.23:22 die besondere oorgang. In Israel se feesprogram oor eeue so ingerig en onderhou kom daar 'n tussenperiode, dit wat 4 maande geduur het.

Vanaf Mrt./Apr. maand waartydens die eerste siklus van feeste bymekaar aansluit en mekaar opvolg is daar eers weer in Sept./Okt. partykeer nog bietjie later (tot ons Nov.-maand) die volgende siklus. Ja, waar die eerste feeste in 'n siklus van vier kombineer, kom die jaar se laaste feeste in Israel gekombineer in 'n siklus van 3 feeste. Dit alles dui weer op die volheid van sewe. 4+ dan die laaste 3 feeste is die volheid van 7 feeste wat in die Bybel altyd dui op

die voltooiing, afronding, vervulling, voldoening. Christus het gekom, dit sê die eerste 4 feeste, Christus gaan wêér kom, dit sê die laaste 3 feeste aan ons. Vir Israel is dit weer iets van 'n nuwe begin. Nie die begin van 'n nuwe geestelike jaar nie, dit het hulle met Paasfees gevier, maar hierdie is die begin van die burgerlike jaar. In werklikheid vier Israel twee nuwe jare. Hulle godsdienstige nuwejaar begin met Paasfees, hulle burgerlike nuwejaar begin met hierdie basuine.

Ja, waar ons verlede kwartaal al genoem het dat Israel se geestelike jaar begin waar hulle feestelik Paasfees vier, het dit alles begin met die uittog uit Egipte, God het ons verlos. Dit het vir hulle geword die maand nissan. Nou vier hulle vir twee maande lank, by verskillende opvolgende geleenthede, vier feeste. Alles draai om God het ons verlos, God sorg vir ons, Hy gee vir ons reën, Hy gee vir ons grond en oeste, Hy maak die opbrengs goed. Ons het gewys op die fees van die ongesuurde brode wat die nuwe oesjaar inlui. Alles word gereinig, daar moet geen suurdeeg wees nie, alles moet skoon wees as die eerste oes inkom. Die fees van die ongesuurde brode het met hulle landbou, hulle oeste nou saamgegaan, maar ook die fees van die eerste vrug waar hulle met hierdie fees twee gerwe heen-en-weer- swaai is 'n erkenning dat die volle oes waarvan die twee gerwe die oes simboliseer, kom uit die hand van die Here. So is die fees van die eerste vrug 'n dankfees en tegelyk 'n fees wat op lewe dui, Christus lewe, Hy het uit die dood opgestaan.

Ja, selfs Pinkster is weer 'n oesfees, weer is die landbou betrokke. Nou word die insameling van die volle graanoes gevier. Die gars, die koring is ingesamel. Sewe weke van harde oestyd het tussen die fees van die eerstelingvrug en Pinkster verloop. Sewe weke van sewe-dae lê daartussen, maar hierdie 49 dae lê ook tussen Christus se opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees. Op die vyftigste dag na die opstanding het die Heilige Gees gekom om God se volle oes te kom insamel. Die koninkryk waarvan die lande wyd en ryp lê, die oes is groot, die arbeiders min het Jesus dit beskryf.

Die eerste fees het sy afronding in 7x7, die tweede siklus van feeste kom weer met die 7x7 afronding. Met die aanbreek van die 7de maand van hulle jaar, dan is hierdie maand 'n nuwe feestyd wat dan die fees van die trompette, of die fees van die basuine die inleiding vorm. . Elke 7de dag is 'n dag van rus, elke 7de jaar is vir Israel sabbatsjaar, dan moet daar vir die grond rus wees, maar nie net hulle dae, hulle jare hou rekening met die siklus van sewe nie, ook hulle maande, die sewende maand, na hulle al vir 6 maande kon terugkyk op harde werk,

goeie oeste, vol weke, dan is hierdie maand wat die trompette blaas die aankondiging van rus, ja ons kan die fees van die trompette ook noem die fees van voldoening, hulle kan vier 'n maand van rus.

As Israel op hulle jaar se eerste 7 maande terugkyk, dan staan Paasfees eerste. Paasfees leer ons om die vrede van God te ervaar, Pinkster leer ons om die krag van God te ken, wanneer hierdie trompette blaas gaan dit om wat beteken dit om in die Here te rus. Die Here se vrede, die Here se krag, die Here se rus kom in die 7de maand bymekaar! In Israel se geskiedenis lees ons in Numeri 8:1-12 dat dit was gedurende die fees van die trompette wat Esra die wet van Moses vir die volk gelees het. Ja, in die Wet soos in Christus vervul ontvang ons rus. Die Wet wil in ons lewe rus en vrede bring. Ja, die Wet werk saam met die krag van Christus se opstanding. In Israel het die oomblik as die basuine blaas die betekenis van dink aan jou sondes. Die blaas van die trompet laat my my sonde vanuit die Wet ontdek, maar die basuin wat blaas is ook uitroep van vreugde.

Ja, in Israel gebeur daar baie dinge met hierdie een-dag fees. Hulle dink aan hulle sonde, hulle dink aan watter vreugde dit is dat ons kinders van God kan wees, maar dit is ook 'n ernstige basuin omdat Israel besef ons staan onder die oordeel van God. As God ons nie vergewe nie, dan kan daar vir ons geen vergiffenis wees nie. Daarom dat hierdie fees ook die volgende fees moet inlei, die fees van die groot versoendag, wat alles 'n inleiding is op die sewedaagse Loofhuttefeesgety.

Die geblaas begin by die sinagoge, die kerk van daardie tyd. Wanneer die skerp, deurdringende geluid uit die ramshoring gehoor word, dit is maar wat hulle trompette of basuine was, 'n ramshoring, weer herleibaar na die ram met sy horings in die bos vasgehaak toe Abraham Isak wou offer. Daar het in die plek van Isak die ram met sy horings in die bos gekom. Deur daardie horings kan 'n vreugdes boodskap en vredeboodskap die wêreld ingeblaas word. Die geluid van die horing dui daarop dit is God wat met ons praat. Dit mag ook net die priesters wees wat op die horings kon geblaas het. Alleen hulle op so 'n wyse in hulle amp bevestig mag dit doen (vgl. Num.10).

Wanneer Israel hierdie fees vier dan was Paasfees hulle uittog-fees, Pinkster is die tussenfase, waar ons ook nou is, maar vir Israel was daar hulle intog in die beloofde land. Ons besef as Christus weer kom gaan alles nuut wees. 'n Nuwe hemel onder 'n nuwe aarde. Watter groot

intog gaan daar vir ons wees! Na die slawerny in Egipte en die tog deur die woestyn het die volk die land van rus ingegaan. Onthou die kernmomente: Paasfees gaan om in God vrede te vind, Pinkster gaan om in God krag te vind, hierdie laaste gety van feeste, die basuine, die groot versoendag, die Loofhuttefees gaan om in God rus te vind.

Wanneer die priesters blaas moet hulle weet wat hulle doen dit. Daar was 100 verskillende tipes blaas-note, wat dan weer in vier verskillende kategorieë ingedeel kan word. Wanneer een lang uitgestrekte geluid gehoor word, dan het juis die lang harde geskal gewys op God praat met ons. God gee ons nuwe lewe, 'n nuwe bedeling het aangebreek, ons het 'n nuwe fase kon bereik, onthou Israel dink by hierdie fees aan die beloofde land wat hulle kon ingaan. Ja, dit raak ingewikkeld die simboliek van al die tipes lang note, kort note en tussen-periodes tussen note wat ons nie alles hier kan verduidelik nie. Weet maar net alles kom vanuit 'n sekere geluid ingedeel vanuit vier kategorieë, want dit gaan oor wat gaan kom.

Toe Israel die beloofde land ingaan, was Jerigo die stad wat eerste ingeneem was. Juis daar het die eerste basuingeskal die stad inmekaar laat stort. Alles ook weer met bepaalde note. 'n bepaalde patroon en met herhaling. Hulle wat 7dae om die stad moes trek en op die sewende dag toe gebeur dit alles. Die stad is nie met swaarde, perde, spiese en soldate verower nie, maar met die geluid van die basuine, trompette, ramshorings. Met die geluide waaroor hierdie basuine fees alles óór gaan. Onder die basuine het Jerigo ineen gestort. Die bedeling van oordeel het vir die heidene duidelik geword maar dieselfde basuingeskal kondig rus aan. Israel kry toegang tot die beloofde rus wat God in die nuwe land bewerk.

Wanneer ons in die Nuwe Testament na hierdie fees kyk dan skep dit vir ons ook 'n toekomsverwagting. Ja, die Ou Testament wys ook al op die toekoms wat die Nuwe Testament van praat. Joël 2:1 en Sefanja 1:14-18 wys die profete dat die dag van die Here met basuingeskal gaan kom. Openbaring is dit hoofstukke en hoofstukke waarin die oue Johannes die stem van die Here in die geluid van basuingeskal hoor. God praat. Vanaf Openbaring 8 tot 11 waar ons kort gedeeltes na verwys het, het ons in die getal van volheid die beskrywing van sewe basuine (trompette) wat 'n nuwe tydperk aankondig. Dit kondig die dag van die Here aan wanneer Hy weer sal kom. Dan het die basuine dieselfde betekenis as die dag rondom Jerigo. Vir die goddelose/heidene, vir God se vyande beteken hierdie geluid oordeel en verskrikking, hulle kom in 'n verskriklike oordeel, maar vir die gelowige kind van

God is die geluid van die basuin die geluid van rus en vrede, die gelowige het uitkoms en heerlike rus wat aanbreek.

In 1 Thessalonicense 4:13-18 staan daar in besonder in v.16 **16** *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.* Die basuine sal op die weerskante gehoor word. Die Here roep en die aartsengel blaas op die basuin. Ons lees ook in 1 Kor. 15:51- 52 **51** *Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, 52* *in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.* Twee keer hoor ons die geluid van die basuin. Die wat gesterf het, sal by die geluid van die basuin opstaan, maar ook die lewende kinders van God sal by die geluid van die basuin onmiddellik verander word.

Geliefdes, wanneer ons vandag by hierdie 5de fees uit Israel se heilsgeskiedenis onself verplaas dan gaan dit daaroor dat ons weet ons word moeg, ons word moedeloos, ons raak frustrer, baie keer hopeloos in ons verwagtinge, wat kan daar nog vir my iets goed wees. In hierdie land met sy onregverdige politiek, sy korrupsie, sy uitmoor van ons mense, ons het so 'n behoefte aan geestelike rus. Ook ons jongmense met die sg regstellende aksie wat hulle geen regverdige kans bied nie. Ons Pinksterreis is ook 'n woestynreis. Ons kan leef uit die krag van die Heilige Gees, maar hierdie lewe waar ons nog nie die laaste basuine hoor nie, het baie opdraande paaie. Daar is baie stryd en spanning. Dink maar net ook hoe dit ons kerkverband raak. Ons word weggehou van om rus en vrede te beleef.

Wie die Hebreër-brief lees, of dan eintlik die Hebreër-preek vereis van ons om nie moed te verloor nie. Wees moedig in jou stryd waar ons ook mekaar voortdurend moet aanmoedig om die goeie stryd te bly stry. Hier lê weer 'n nuwe kwartaal vir ons en ons kinders voor. Vind by die Here rus, ja geliefdes dinge gebeur in sewes. By God is dit 'n volheidsgetal. Werk die volgende ses dae, maar moenie dat u Sondae u werksdae word nie. U beroof uself van geestelike rykdom, geestelike rus. Elke sewende dag wat vir ons Sondag is, moet u u rus in die Here wil geniet. Die Here het hierdie dag hiervoor afgesonder. Wie nie op hierdie dag in die Here wil rustig raak nie, hoe uitgeput gaan so 'n mens nie word nie. So een ontnem homself/haarself nie net van tydelike rus nie, maar wil ook sy ewige rus in gedrang bring.

Sondae is nie verniet as dag waarop ons in die Here ons rus moet vind afgesonder nie, selfs uit die Ou Testament dra Sondae merkwaardige betekenis. Dit het die reeks rondom die feeste ons getoon. Op 'n Sondag begin God alles te skepe, op 'n Sondag raak Noag se ark rustig op Ararat, op 'n Sondag kan Israel Egipte uittrek, op 'n Sondag gee God sy Wet, die 50ste dag na die uittog, op 'n Sondag staan Christus op uit die dood, op 'n Sondag kom Christus elke keer na sy opstanding weer met sy dissipels bymekaar, Christus se groot verskyninge na sy opstanding was Sondag-verskyninge, op 'n Sondag word die Heilige Gees uitgestort, op 'n Sondag verskyn die Here aan Johannes in Openbaring, die dag van die Here is Sondag.

Vier hierdie dag met God wat jou rus wil gee. Dit is die belangrikste geluid wat u in die basuin van God moet hoor. Moenie met u gewone werk wil aangaan nie. Dit is die dag waarop ons ons in die Here moet verlustig. Dan ontvang ons nuwe krag, nuwe moed ook weer vir môre se Maandag tot Saterdag. Ja, u ontvang krag vir die woestyn van hierdie week, die basuin sal op die laaste dag blaas, dan is dit die ewige rus, nou is ons op pad daarheen. Moet nie met u opstanding peuter deur losbandig te lewe nie, moet nie met u ewige rus peuter deur nie nou op God se tyd in Hom rustig te raak nie.

AMEN